Maak My 'n Miljoenêr

via.

WAT IS DIE DOEL VAN MAAK MY ‘N MILJOENÊR?

Albert het altyd gewens dat daar ‘n entrepreneur na sy skool toe kon kom wat as ‘n mentor kon dien om hom te help met sy hoërskool besighede. Nadat hy toe sy eerste Miljoen gemaak het op 22 jaar oud, het hy dit sy lewens missie gemaak om jong Hoërskool entrepreneurs te mentor en te help om ook miljoenêrs te word. Dus, is die doel van die Maak my ‘n miljoenêr reeks tweeledig:

1. Bewusmaking van entrepreneurskap by skole
2. Bemagtiging van entrepreneurs deur mentorskap en ondersteuning

WAT HET GEBEUR MET MAAK MY ‘N MILJOENÊR 2023?

Die Maak My ‘n Miljoenêr entrepreneur van die jaar kompetisie het ‘n indrukwekkende reis afgelê. Dit het die jaar begin deur 40 skole te besoek om potensiële entrepreneurs te identifiseer. Ons het tydens hierdie besoeke met 42 000 leerders gepraat. 144 Entrepreneurs het ingeskryf, waaruit die Top50 gekies is. Die Top50 leerders het spesiale opleiding ontvang vanaf Albert van Wyk om hulle belangrike entrepreneuriese vaardighede te leer. Daarna was hulle getoets met Brandbank-sessies om te bepaal hoe goed hulle besighede ken.

Maak My 'n Miljoenêr

KYK ONS SHOW TRAILER HIER

Hieruit is ‘n Top20 gekies. Die Top20 is uitgedaag met regte wêreld probleme. Hier het hulle ook mentorskap gekry vanaf ervare besigheideienaars.

Die hoogtepunt van die kompetisie was die statige Gala-aand waar die Top10 leerders bekendgestel was.

Hier het hulle die geleentheid gehad om inspirerende toesprake te lewer aan ‘n gehoor van 400 mense.

Uiteindelik, na ‘n suksesvolle aand, is die wenners van die kompetisie aangekondig.

Die wenners is Shaniqua Steenkamp in eerste plek, Andrè Smit in tweede en Phillip Bredenhann in derde plek.

Die impak van die Maak My ‘n Miljoenêr projek onder Hoërskool leerders is duidelik sigbaar met die resultate wat ons sien met hierdie entrepreneurs. Ons sien uit na hoe hierdie toekomstige besigheidsmanne en -vroue ‘n positiewe impak gaan hê op die ekonomie van Suid-Afrika.

ONS HET SAAM MET ONS BORGE IN DIE HOËRSKOOL ENTREPRENEURS SE ONTWIKKELING BELÊ.

Die Top50 en toe die Top20 het altesaam 5 in-persoon kontaksessies gehad met Albert en Matthew waar ons die volgende onderwerpe behandel het, net om ‘n paar te noem:

- Rekeningkunde 101
- Entrepreneuriese ingesteldheid
- Hoe om jou besigheid te skaal
- Hoe om produkte en pryse te bepaal
- Prys vs. Vraagkromme
- “Lean Startup“
- Hoe om personeel en kliënte te bestuur

- Verkoops- en Kommunikasievaardighede
- Sosiale media bemarking
- Opstel van aandeelhouding en werk met sakevennote
- Hoe om te belê en rykdom te laat groei
- Basiese beginsels van registrasie by die CIPC, Belasting doen en BBEE

Dan het die Top20 ook agt in-persoon sessies gekry waar hulle geleer het by ervare entrepreneurs in die industrie:

- Prospertity Enterprises (Jaco Grobbelaar): Mik hoog en neem aksie.
- Gazzaroo (Shaun Burr-Dixon): Die skep van ‘n handelsmerk en bemarking.
- Die Mos Inisiatief (Roedolf van der Westhuizen): Hoe om ‘n besigheid te bestuur.
- Krag Apie (Hendri Slabbert): Motiveering om nooit op te gee nie.
- Bovest Wealth Management (Geo & PJ Botha): Investment management.
- Akademia (Johann Smith): Strategiese kommunikasie.
- Atterbury Property (Zahn Hulme): Hoe om terug te gee aan die gemeenskap.
- ATKV (Reyno Wepener): Die vier steunpilare van ‘n besigheid.

Bykomend tot al die eksklusiewe opleiding hierbo, het al die Hoërskool Entrepreneurs wat ingeskryf het ook toegang gekry tot Albert se gratis MILLIONAIRE MENTOR Whatsapp nommer sowel as sy Maak My ‘n Miljoenêr werkswinkel en “How to become a millionaire at 22“ e-boek waar raad en bystand vir ons jong entrepreneurs gegee word en waar hulle die basiese konsepte van entrepreneurskap kan leer.

‘N PAAR INTERESSANTE SYFERS:

Hier is wat ons top 20 jong Hoërskool Entrepreneurs bereik het in slegs 8 maande met die MAAK MY ‘N MILJOENêR span se mentorskap

TOTAL TURNOVER

R1 246 891.84

TOTAL PROFIT

R514 058.23

TOTAL BUSINESS GROWTH

52 936%

KYK ONS TESTIMONIALS

ONS HET BAIE MENSE IN SUID-AFRIKA BEREIK!

MEDIA	VIATV	FACEBOOK	TIKTOK	INSTAGRAM	TOTAAL
Show Promo 1		58 000	9 727	6 086	**73 813**
Show Promo 2		16 000		5 632	**21 632**
Episode 1	41 978	22 000	11 300	4 199	**79 477**
Episode 2	41 978	2 300	5 372	19 914	**69 564**
Episode 3	41 978	6 380	1 561	2 544	**52 463**
Episode 4	41 978	2 900	2 694	2 381	**49 953**
Episode 5	41 978	3 000	4 989	3 707	**53 674**
Episode 6	41 978	4 100	1 965	7 781	**55 824**
Episode 7	41 978	3 100	3 995	3 639	**52 712**
Episode 8	41 978	3 900	2 942	7 677	**56 497**
Episode 9	41 978	4 000	5 040	3 965	**54 983**
Episode 10	41 978	4 500	1 776	5 404	**53 658**
Episode 11	41 978	1 700	1 080	2 916	**47 674**
Episode 12	41 978	1 200	1 034	2 611	**46 823**
Episode 13	41 978	1 400	1 032	1 873	**46 283**
Additionele Sponsor Promo Videos		79 300			**79 300**
Additional Sponsor Promo Video		41 000			**41 000**
Additional Gala + Sponsor Promo		28 000	5 215	2 608	**35 823**
RSG Interviews met Top 20					**1 300 000**
Koerant Berigte					**25 000**
TOTAAL	**545 714**	**282 780**	**59 722**	**82 937**	**2 296 153**

KYKERTAL VANAF 2022 TOT 2023

	2022	2023
Skole Besoek	20	40
Leerders Bereik	16 000	42 000
“Views”	800 000	2 296 153

Ons kan duidelik sien dan die projek aanhoudend groei. Dit is te danke aan die Maak My ‘n Miljoenêr span en betrokke borge/ondersteuners wat dit ‘n moontlikheid maak. Met elke ondersteuner wat inkoop in die missie en sukses van hierdie projek, bereik ons meer Hoërskool Entrepreneurs. So groei die impak en word meer jong entrepreneurs bemagtig en geskep. Ons glo vas dat dit die oplossing is vir Suid-Afrika se ekonomie om ook te verbeter, want hierdie jong entrepreneurs is tog die toekoms van ons land.

TWEEDE PRYS

Maak My 'n Miljoenêr
0001
DATUM
R 30 000,00
De EG Jansen
RAND
SKOOL
WENNER Sheniqua Steenkamp
Albert
ALBERT VAN WYK
EERSTE PRYS